Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 23 MAART 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Fortuin, C B (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Smit, N (DA)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

[Nota: Die Speaker noem dat daar tydens die vorige raadsvergadering 'n reëling gemaak is dat alle raadslede deur middel van die sydeur/sekuriteitsingang toegang tot die raadsaal moet verkry. Dit is die Speaker se plig om die veiligheid van raadslede asook gaste van die Raad te verseker, daarom die reëling. Daar is 'n spesiale vergunning aan rdl F S Humphreys gemaak om die ingang by die hoofdeur te gebruik tot tyd en wyl sy aangesterk het.

Die Speaker doen 'n beroep op alle raadslede om hierdie reëling te eerbiedig, in die lig daarvan dat sommige ANC-raadslede geweier het om die sydeur/sekuriteitsingang te gebruik – vandaar hulle afwesigheid.]

Pastoor Piet Smit van die AGS Corpus Christi-gemeente, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker verwelkom teenwoordiges en dra dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Januarie tot Maart verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle J M de Beer en E S M Maart. Die volgende raadslede is afwesig sonder verlof – me A M Sneewe en mnre Z Bekebu, B J Penxa, D B Philander en N S Zatu.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 KENNISNAME EN OORHANDIGING VAN DIE PROSES KONTROLEUR TOEKENNINGSPLAN 2017-2022

3.1/...

'n Werkwinkel vir proseskontroleurs by watersuiweringswerke is aangebied deur die Instituut: Waterdienste in samewerking met die Departement van Waterdienste en Sanitasie gedurende November/Desember 2016.

Die doel van die werkwinkel is om die rol wat proseskontroleurs speel te beklemtoon, kennis oor vaardighede en tegnologie uit te ruil, beste praktyke aan te moedig, bydraes te lewer tot verbetering van Blou- en Groendruppelstatus en om verhoudinge te bou tussen proseskontroleurs.

As deel van die werkwinkel word 'n kompetisie deur die Departement van Waterdienste en Sanitasie aangebied en kan munisipaliteite nominasies in dien vir die beste proseskontrolleurs. Swartland Munisipaliteit het vier nominasies ingedien, waarvan twee persone gekies is as die naaswenners in die kategorie – *Recognition of the commendable contribution made towards enhancing the professional value of Process Controllers: Waste Water Treatment Works with design capacity greater than 10Ml/day*.

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, om die toekennings aan mnre Wilfred Barendse en Randall Jenneke, werksaam met die Malmesbury Rioolsuiweringswerke te oorhandig.

Dat **KENNIS GENEEM** word van die prestasie toekennings aan mnre Wilfred Barendse en Randall Jenneke, van die Malmesbury Rioolsuiweringswerke.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 26 JANUARIE 2017

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 Januarie 2017 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 18 JANUARIE 2017

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 AANVAARDING VAN DIE OORSIGVERSLAG OP DIE 2015/2016 JAARVERSLAG (7/1/1/1)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2015/2016 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA op 26 Januarie 2017 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die MPAC het op 7 Maart 2017 vergader om die 2015/2016 Jaarverslag te oorweeg, en 'n oorsigverslag (gesirkuleer met die sakelys) op te stel vir voorlegging aan die Raad.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van sewe raadslede) met veertien raadslede ten gunste daarvan, en twee raadslede wat buite stemming bly.

7.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2015/2016 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;

(b) Dat die 2015/2016 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2015/2016 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

7.2 (1) RAPPORTERING VAN ARTIKEL 56 VAKATURE: MNR A J BOTHA; (2) VULLING VAN ARTIKEL 56 BESTUURDERSPOS: DIREKTEUR: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE; (3) AANWYSING VAN KEURINGSPANEEL (4/3/B, 4/3/1)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste aan die einde van 2017 gaan aftree. Die aftrede van mnr Botha en die gepaargaande vakature, word vroegtydig aan die Raad gerapporteer om so spoedig moontlik die artikel 56 Bestuurderspos te vul. Die rede hiervoor is om ingevolge die Raad se opvolgbeplanning geleentheid aan mnr Botha te gee om as 'n mentor vir die nuwe posbekleër op te tree.

Die prosesplan vir die aanstel van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, sowel as die volledige advertensie is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat daar kennis geneem word van die vakature wat gaan ontstaan in die pos van Direkteur: Siviele Ingenieursdienste met die aftrede van mnr At Botha einde Desember 2017;

(b) Dat die Raad goedkeuring verleen en bevestig dat die makro personeelstruktuur soos aangetoon op die goedgekeurde organisasiestruktuur, in ooreenstemming is met die GOP en dat die pos van Direkteur: Siviele Ingenieursdienste relevant is en benodig word ten einde die strategiese doelwitte van die GOP te bereik;

(c) Dat die Raad goedkeur dat die pos van Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gevul word en dat goedkeuring verleen word vir die vul daarvan en advertering, – in ooreenstemming met die aangehegte advertensie en die regulasies;

(d) Dat die pos gevul word op 'n allesinsluitende "koste-vir-maatskappy" pakket in ooreenstemming met die bepalings van die bo-perk ("upper limits") vir Senior Bestuurders, ingevolge die 4 Julie 2016 kennisgewing, of soos gewysig;

(e) Dat die Raad die keuringspaneel bestaande uit die volgende persone goedkeur –
   (i) Die Munisipale Bestuurder - mnr Joggie Scholtz (Voorsitter van paneel);
   (ii) Rdl Reggie van der Westhuizen – (Portefeulje Voorsitter van Siviele Ingenieursdienste);
   (iii) Uitvoerende Burgemeester – Rdh Tijmen van Essen;
   (iv) Onderburgemeester – Rdv Maudé Goliath;
   (v) Direkteur: Siviele Ingenieursdienste van óf Drakenstein, Stellenbosch, Bergrivier, óf Weskus Distriksmunisipaliteit;

(f) Dat daar kennis geneem word dat 'n diensverskaffer deur die Munisipale Bestuurder aangestel sal word om te help met die werwing- en keuringsproses vir die aanstel van 'n Direkteur: Siviele Ingenieursdienste;

7.2/...

(g) Dat daar kennis geneem word van die prosesplan soos hierby aangeheg en dat dit as sulks goedgekeur word;

(h) Dat goedkeuring verleen word dat mnr At Botha in ‘n mentorskaprol aangewend word na die aanstelling van sy opvolger, vir die oorblywende tydperk van sy kontrakperiode, onderhewig daaraan dat hy ook vir ander take, funksies en verantwoordelikhede aangewend word, soos en wanneer benodig.

7.3 VOORGESTELDE WYSIGING VAN STAANDE REëLS EN PROSEDURES MET BETREKKING TOT DISSIPLINêRE AANGELEENTHEDE TEEN RAADSLEDE / KONDONERING VAN NIE-NAKOMING VAN STAANDE REëL 4.3 (3/1/6)

Die Staande Reëls en Prosedures met betrekking tot Dissiplinêre Aangeleenthede teen Raadslede is op 24 November 2016 deur die Raad goedgekeur.

Die Speaker het in terme van voormelde reëls ’n verslag met aanbevelings insake die beweerde oortredings van die Gedragskode deur verskeie raadslede aan die Raad op 26 Januarie 2017 voorgelê.

Opdrag is aan die Munisipale Bestuurder gegee om in terme van reël 4.1 van die toepaslike reëls ’n geskikte persoon of instansie aan te stel om die ondersoek te doen. Reël 4.3 bepaal dat die aangestelde persoon so spoedig moontlik maar binne ’n redelike tyd, wat nie 14 kalenderdae sal oorskry nie, die klagstaat ingevolge reël 4.2 opstel en uitstuur. Die aangestelde persone kon weens hul druk werksprogram, nie die spertyd eerbiedig nie, en word voorsien dat die tydsbeperking van 14 kalenderdae te beperkend is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C Daniels, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat nie-voldoening aan reël 4.3 van die Staande Reëls en Prosedures met betrekking tot Dissiplinêre Aangeleenthede teen Raadslede gekondoneer word ten aansien van die aangeleenthede wat na die Dissiplinêre Komitee verwys is in terme van die Raad se besluit van 26 Januarie 2017;

(b) Dat aangesien daar voorsien word dat die tydsbeperking in reël 4.3 in die toekoms ook ‘n praktiese las mag meebring, goedkeuring verleen word dat reël 4.3 soos volg gewysig word:

“Die inisieerder moet so spoedig moontlik maar binne ‘n redelike tyd die klagstaat soos hierbo na verwys opstel en uitstuur.”

7.4 BEHUISING ALLOKASIE BELEID (17/4/2/B)

Die Raad het op 12 Junie 2013 riglyne aanvaar – weens 'n gebrek aan 'n behuising allokasie beleid – vir die toekenning van wonings aan begunstigdes vir die huidige behuisingsprojekte volgens die toekenning van 'n persentasie aan spesifieke kategorieë van deelnemers.

Die Provinsiale Minister van Behuising, Mr Bonginkose Madikizela, het munisipaliteite versoek om 'n regverdige proses daar te stel, wat onder andere voorkeur gee aan gestermdes, pensionarisse, getroude pare, asook persone wat op naburige plase woonagtig is.

In 'n onlangse omsendbrief deur die Departement van Menslike Nedersettings is bevestig dat die kwalifiserende ouderdom om vir laekoste behuising in aanmerking te mag kom vanaf 40 jaar na 35 jaar en ouer aangepas is.

Die item het voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 8 Februarie 2017 gedien vir aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdv M S I Goliath)

(a)/...

7.4/...

(a) Die Behuising Allokasie Beleid, soos voorgelê, aanvaar word en van toepassing gemaak word met effek vanaf datum waarop die aanvaarding van die beleid deur die Raad bekragtig word;

(b) Die kategorieë van deelnemers wat deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur was op 12 Junie 2013, vervang word met kwotas volgens die nuwe Behuising Allokasie Beleid;

(c) Kennis word geneem van die Departement van Menslike Nedersettings se versoek om tydens allokasie van geleenthede voorkeur te gee aan begunstigdes 35 jaar en ouer;

(d) Die Raad kennis neem dat daar in die toekoms na voltooiing van die Riebeek-Wes-behuisingsprojek, slegs projekte gedoen gaan word in die groeipotensiaal dorpe, met inbegrip van hul opvang gebiede, soos aangedui op die aangehegte plan;

(e) Kennis geneem word dat die bestaande waglyste van Ilinge Lethu en Malmesbury geïntegreer sal word in een waglys en die geleenthede in die toekomstige Malmesbury-behuisingsprojek toegeken sal word in terme van datum van aansoek;

(f) Tydens elke behuisingsprojek die lys van geïdentifiseerde begunstigdes van daardie projek aan die Raad se Behuisingskomitee voorgelê word vir goedkeuring;

(g) Die Behuisingskomitee wat verkies word uit die begunstigdes van elke voorgenome projek aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir goedkeuring;

(h) Na voltooiing van die Riebeek-Wes-behuisingsprojek, die volgorde van die behuisingsprojekte in die groeipotensiaal-dorpe as volg sal wees naamlik: Malmesbury, Moorreesburg, Darling en Riebeek-Vallei.

7.5 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOMME (KERKPERSELE) TE MALMESBURY EN CHATSWORTH (12/2/B)

Swartland Munisipaliteit is die geregistreerde eienaar van die volgende eiendomme:

- Erf 1652 (1957 m² groot), geleë tussen Malmesbury & Chamberlainweg, gesoneer as Gemeenskapsone 2 (kerk). Die eiendom se munisipale waardasie is R150 000.00;
- Erf 9968 (752 m² groot), h/v Masoko & Holomisastraat, Ilinge Lethu Malmesbury, gesoneer as Gemeenskapsone 2 (kerk). Die eiendom se munisipale waardasie is R46 000.00.

Daar word voorgestel, voortspruitend uit verskeie navrae vanaf die publiek, dat die eiendomme vir publieke mededinging aangebied word. Die bodproses sal bestaan uit die aanvra van finansiële aanbiedinge, sowel as ontwikkelingsvoorstelle gebaseer op die kriteria insake plekke van aanbidding soos vervat in die Munisipaliteit se Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat ‘n mededingende twee-fase bodproses gevolg word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende eiendomme:
    - Erf 1652 (1 957 m² groot), geleë tussen Malmesbury- & Chamberlainweg, Chatsworth
    - Erf 9968 (752 m² groot), h/v Masoko- & Holomisastraat, Ilinge Lethu, Malmesbury;

(b)/...

7.5/...

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding vir gemeenskapsdoeleindes (kerke) ingevolge die sonering daarvan geïdentifiseer is en in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geoormerk is nie;

(c) Dat die onderstaande gesubsidieerde pryse as reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme vasgestel word, ooreenkomstig die bevoegdheid aldus verleen deur paragraaf 15.2.2 van die Munisipaliteit se Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates:

- Erf 1652, Chatsworth R30 000,00 (20% x R150 000,00)
- Erf 9968, Malmesbury R9 200,00 (20% x R46 000,00)

(d) Dat volmag verleen word

(i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om

- te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksies ontvang word; en om
- die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendomme te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en 'n besluit te mag finaliseer rakende die oordrag van die bates;

(ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die evalueringskriteria en voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur indien nodig, met inagneming van die toepaslike bepalings in die Beleid insake die Oordrag van Munisipale Bates.

7.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOMME (SAKEPERSELE) TE MALMESBURY (12/2/B)

Die Swartland Munisipaliteit beskik oor die volgende eiendomme:

- Erf 6353, h/v Tshwete & Alfastraat (5439 m² groot), gesoneer as Sakesone 1 met 'n munisipale waardasie van R272 000.00 (R50.00/m²)
- Erf 3185, h/v Mimosalaan & Besembosstraat (1500 m² groot), gesoneer as Sakesone 1 met 'n munisipale waardasie van R330 000.00.

Om meer besigheidsgeleenthede te skep is die Munisipaliteit tans in proses om erf 6353 in drie gedeeltes te onderverdeel, naamlik Gedeelte A (±1500 m²); Gedeelte B (±1500 m²) en Restant (±2 439 m²).

Die munisipale waardasie van die eiendomme is as volg:

- Erf 6353 teen R272 000.00 (R50.00/m²)
- Erf 3185 teen R330 000.00.

Daar was die afgelope tyd heelwat belangstelling van die publiek, en is daar gevolglik op bestuursvlak besluit om by die Raad aan te beveel dat die eiendomme vir publieke mededinging aangebied word. Weens die kostes en reëlings wat met openbare veilings verband hou, word aan die hand gedoen dat die mededingende bodproses wat in hierdie geval gevolg word, die blote vra van finansiële aanbieding sal behels.

BESLUIT
(op voorstel van rdl V D McQuire, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die Verordening en Beleid insake Oordrag van Munisipale Bates dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van die volgende vakante onroerende eiendomme in Malmesbury:

- Gedeelte A, gedeelte van erf 6353, Tshwetestraat (± 1500 m² groot)
- Gedeelte B, gedeelte van erf 6353, Alfastraat (± 1500 m² groot)
- Restantgedeelte erf 6353, h/v/ Tshwete- en Alfastraat (± 2439 m² groot)
- Erf 3185, h/v Mimosalaan & Besembosstraat (1500 m² groot)

(b)/...

7.6/...

(b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word uit die staanspoor vir vervreemding as besigheidspersele geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan en in geen stadium vir die verskaffing van ‘n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geoormerk is nie;

(c) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme vasgestel word soos volg, welke reserwepryse deur die Raad geag word die markwaarde daarvan billik te reflekteer:

- Gedeelte A, gedeelte van erf 6353: R 75 000,00
- Gedeelte B, gedeelte van erf 6353: R 75 000,00
- Restantgedeelte erf 6353: R122 000,00
- Erf 3185: R330 000,00

(d) Dat volmag verleen word

(i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om

- te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksies ontvang word; en om
- die aanbiedinge wat ontvang word vir die eiendomme te oorweeg vir aanvaarding al dan nie, en om ‘n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bates;

(ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers, asook die raadsprokureur;

(e) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op ‘n ‘first come first serve’ basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendom op die stadium van vervreemding), en met dien verstande verder dat dieselfde opskortende voorwaardes wat in die koopooreenkoms vervat staan te word, op gemelde kopers van toepassing gemaak word.

7.7 IMPLEMENTERING VAN VLAK 3-WATERBEPERKINGSMAATREëLS (16/1/1/7)

Sedert die instelling van waterbeperkingsmaatreëls vir die Swartland munisipale area gedurende Desember 2015 – aanvanklik vlak 1 (10% besparing) en later vlak 2 (20% besparing) – het die watersituasie dramaties versleg. Met die vlak van die Voëlvleidam tans op 25.2%, is Swartland Munisipaliteit, soortgelyk aan Stad Kaapstad en Drakenstein, genoodsaak om strenger waterbeperkingsmaatreëls te implementeer.

Tydens ‘n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 21 Februarie 2017 is die volgende besluit **VIR KENNISNAME** deur die Raad.

(a) Dat die bestaande Vlak 2-waterbeperkings herroep en goedkeuring verleen word dat die voorgestelde Vlak 3-waterbeperkingsmaatreëls, soos vervat in die kennisgewing gemerk **Aanhangsel A** tot hierdie verslag, met ingang van 1 Maart 2017 geïmplementeer word;

(b) Dat bogemelde beperkings nie sal geld:

(i) waar spesiale vrystelling skriftelik deur die Munisipaliteit verleen word nie;

(ii) waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en ‘n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op ‘n plek waar dit duidelik sigbaar is;

(c) Dat die kwotastelsel gestaak word, maar dat verbruikers moet kennis neem dat huishoudings en besighede se waterverbruik maandeliks noukeurig gemonitor sal word, en dat die Munisipaliteit die reg voorbehou om ‘n *Aqualoc*-watermeter (wat waterverbruik op ‘n daaglikse basis reguleer) te installeer in daardie gevalle waar water misbruik word;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om, in terme van artikel 69(2) van die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, afwykings, vrystellings of verslappings ten opsigte van die bepalings op redelike gronde te mag verleen;

7.7/...

(e) Dat die volgende 30% watertariefaanpassing wat reeds as deel van die begrotingsproses vir implementering in noodtoestande deur die Raad op 26 Mei 2016 goedgekeur is, geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekeninge wat gedurende April 2017 vir betaling teen 30 April 2017 gelewer sal word:

Ten opsigte van huishoudelike verbruikers –

	Tarief per eenheid (kiloliter)
0 tot 4 kl	Gratis
5 tot 25 kl	R14,60 plus BTW
26 tot 50 kl	R20,10 plus BTW
51 kl en meer	R31,12 plus BTW

Ten opsigte van besighede (ingesluit skole, regeringsinstellings en sportklubs) –
R20,74 plus BTW vanaf die eerste kiloliter verbruik

(f) Dat 'n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit getoon word en ook per hand aan individuele huishoudings uitgedeel word;

(g) Dat die munisipale swembaddens met ingang vanaf 1 April 2017 vir die publiek sal sluit, met dien verstande dat – sou die watersituasie te eniger tyd strenger (vlak 3B) maatreëls noodsaak – die swembaddens vroeër gesluit mag word, onderhewig aan 'n 24 uur kennisgewingtydperk;

(h) Dat 'n aansoek tot die Departement Justisie gerig word om die boete van R300,00 wat geld vir oortredings van die waterbeperkings, te verhoog;

(i) Dat gesprekke met skole en sportklubs – wat nie oor alternatiewe waterbronne beskik nie – gereël word om die omvang van waterverbruik by hierdie instellings te bepaal;

(j) Dat die besluit aan die Raad voorgelê sal word vir kennisname.

GETEKEN:
SPEAKER